

Nico van Gijsen: Pensioentrekkers kan gerus ophou kla

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-pensioentrekkers-kan-gerus-ophou-kla-20260925-0527

Aftrede is die een terrein van jou finansiële lewe waar die oplossing regtig voor die hand lê, skryf Nico van Gijsen.

Ek lees in die afgelope week 'n rubriek in 'n Afrikaanse koerant waar die skrywer omtrent gal braak en emosies probeer opwerk oor die (net) 3,5%-verhoging in pensioen vir lede van die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) wat in April aangekondig is.

Ek moes so byna 'n traan wegpink. Regtig.

Maar dit sou 'n traan wees oor ons samelewing wat so verval het in 'n spul klagatte.

Ons leef ongelukkig in 'n era van verontwaardiging. Ons voel gegrief oor elke ou dingetjie wat nie na ons kant kom of kom soos wat ons dit wil hê nie. En dit maak nie saak of dit die gevolg is van ons eie doen en late nie. Selfverantwoording is 'n onding.

So, laat ek dit maar reguit sê, afgetrede lede van die GEPF weet nie hoe goed hulle dit het nie. Hulle is verseker van 'n gewaarborgde pensioen vir die res van hul lewe. Dis meer as wat die meeste afgetredenes kan sê.

En afgetrede lede van die GEPF is gewaarborg van 'n jaarlikse pensioenverhoging van minstens 75% van inflasie. Minstens, want die 3,5%-verhoging wat hulle vanjaar gekry het, is 100% van die voorafgaande jaar se inflasiesyfer tot einde November 2025.

Jy het geweet

Die belangrike punt hier is dat jy jare voor aftrede reeds geweet het hoe jou pensioen bereken word. En wat jou jaarlikse verhoging gaan wees.

Die pensioenfonds is so saamgestel dat jy ná aftrede 'n soortgelyke leefstyl behoort te kan volhou as wat jy gehad het voor jou aftrede. Die GEPF se pensioen vir ná aftrede word bereken volgens 'n formule wat jou finale jaar se salaris in ag neem, asook jou totale jare diens in die staatsdiens.

Jy het dit geweet. Jy kon daarvoor beplan.

Hoeveel per maand het jy weggesit in byvoorbeeld 'n uittreeannuïteit (UA) om jou aftrede-inkomste 'n hupstoot te gee?

Elke GEPF-lid kry by aftrede 'n gratifikasie (kontantbedrag). Wat het jy met joune gedoen? Ek weet wat baie mense doen. Deel dit aan die kinders uit of leef rojaal vir 'n jaar of wat.

Dis nie vrae en optredes net van sommige lede van die GEPF nie. Dit geld baie, baie ander mense ook. Hulle leef asof aftrede maar vir homself moet sorg.

Gelukkig vir lede van die GEPF is hulle darem verseker van 'n lewenslange inkomste. Al is dit in sommige gevalle min, dis gegrond op werklike voor-aftrede-verdiensle. Dit word nie uit die duim gesuig nie.

Almal van ons kan maar net 'n pensioen onttrek uit wat ons weggesit het. Dit is so eenvoudig soos dit. GEPF of nie GEPF nie.

As jy het, dan het jy. As jy nie het nie, dan het jy nie.

Politiek

Ek sien sommige sleep politiek in wanneer hulle so sonder werklike kennis of insig oor finansies kla oor die GEPF.

En dan sien ons in die briewekolomme en in rubrieke, soos in die rubriek waarna ek hier bo verwys, die jukstaposisionering van “sukkelende” pensioentrekkers aan die een kant teenoor die vetgevrete politici en hul korrupte meelopers wat miljoene rande mors en steel.

Eksel, en ek glo elke Suid-Afrikaner wat lief is vir sy of haar land, is gebelg deur die korrupsie, die selfverryking, aangehelp deur die nuwe-apartheidse beleid van swart ekonomiese bemagtiging, van 'n handvol kaders en hul vrinne.

Ons moet maar almal daarteen bly veg. Al het die jare, dekades en eeue se geskiedenis al keer op keer gewys dat die kla van die verdruktes net belangrik is vir dié wat verdruk word. Demokrasie en gelyke geleenthede het baie definisies, een vir elkeen wat sy wil op 'n ander wil afdruk.

Maar genoeg politiek. Wat ek hiermee wil sê, is dit is 'n ander onderwerp.

Om die politiek en die voorsiening, of gebrek aan genoeg voorsiening, teenoor mekaar af te speel, is bloot nie die waarheid nie. Dit speel op emosie, waarvan ons almal oorloop, maar dit mis die punt.

As jy te min gespaar het, gaan jy te min geld hê by aftrede.

Oplossing

Daar is seker geen ander terrein van die samelewing waar die oplossing vir probleme so opsigtelik en so wyd beskikbaar is, maar gewoonlik te laat aandag kry, as by finansiële beplanning nie.

Dis nie 'n GEPF-probleem nie. Die probleem strek veel wyer. Net sowat 6% van ons land se mense kan bekostig om af te tree. Hoekom?

Omdat mense hulself om die bos lei. Dink oor aftrede is 'n soort sonde. Dis mos nog ver. En “ek is mos lid van 'n pensioenfonds”. Die waarheid is dat min lede van pensioenfondse kan bekostig om af te tree. Soos genoem, net sowat 6%.

Aftrede is die een terrein van jou finansiële lewe waar die oplossing regtig voor die hand liggend is. Dis daar. Jy hoef nie te wag dat dit 'n probleem raak nie. Jy moet dit net betyds omarm.

Ek kan vandag dié stelling sonder teenspraak maak.

Mense wat in hul vroeë 20's 'n gesertifiseerde finansiële beplanner as hul raadgewer en geld-mentor aanstel, sal hul aftrede kommerloos en met sekerheid binnegaan.

Hoe vroeër, hoe beter.

Benewens jou eie dissipline, kort jy net die krag van saamgestelde groei. Groei op groei. Jy hoef regtig niks meer te doen nie. Dra net by. Die res gebeur sommer net.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za